

DIE BUFFELBLAD

DIE AMPTELIKE SKOOLKOERANT van HOËRSKOOLO BASTION

APRIL 2023 | UITGAWE 3

100% SLAAGSYFER VIR DIE MATRIEKS VAN 2022!

Kayla Engelbrecht en Danielle Swart



MINDALORE - Met harde werk en goeie samewerking hou Bastion se Matrieks van 2022 ons naam hoog en loop hulle weg met 'n 100% slaagsyfer!

Hoe kry hulle dit reg? Eerstens is dit huiswerk, huiswerk, huiswerk! Om huiswerk te doen speel 'n groot rol daarin om goeie punte te kry. As jy jou huiswerk doen, verstaan jy die werk beter.

Naas gereeld huiswerk doen, moet jy ook vroeër begin om voor te berei vir assesserings. Onthou: vroeg leer, vroeg klaar! As jy 'n vak het wat 'n uitdaging is, leer hom eerste.

Al werk jy hoe hard moet jy nogsteeds jou brein 'n kans gee om te rus, so gee jouself so nou en dan 'n blaaskans. Die BELANGRIKSTE deel is om God te

vertrou, Hy sal jou dra. Deidré van der Merwe (Matriek 2022) sê: "Geniet graad 12 waar jy kan, tyd vlieg." Die meeste van 2022 se matrieks het gesê dat die grootste uitdaging was om aan te hou werk en veg vir hulle toekoms.

Nou lê daar nuwe avonture voor vir hierdie groep oud-Bastioners en die uitdaging van 'n 100% slaagsyfer voor die deur van die matrieks van 2023. Ons het 'n paar van hulle gevra hoe dit gaan met die grootmenslewe en wat hulle gunsteling herinnering van hoërskool is.

Kara Botha werk tans as 'n au pair en sy is dankbaar sy hoef nou nie meer die stres van toetse te hê nie. Een van haar gunsteling herinnerings is die groentjekonsert van laasjaar se graad 8's, sy sê dit

was pret om die danse te doen en om die graad 8's te leer ken.

Mieke de Beer sê: "Op skool wil jy net klaarmaak, maar na die eerste paar maande in die regte wêreld besef jy jy was eintlik lekker gemaklik in die hoërskool. Sy maak gereed om te gaan au pair in Amerika. Mieke se gunsteling herinnering was hulle matriekafskeid waar sy en haar vriende die hele aand gedans het. Dit was vir haar 'n wonderlike ervaring.

Niemand berei jou voor nie en jy word regtig aan die diepkant ingegooi na skool, dit is die woorde van Tiaan Breet. Aan die anderkant kan mens nie na die glas as halfleeg kyk nie, maar eerder halfvol. Sy raad aan alle matrieks – geniet jou hoërskoolloopbaan, want onderwysers weet waarvan hulle praat!

IN HIERDIE UITGAWE:



Ons verwelkom
die graad 8's
van 2023



Vind uit watter juffrou
het al begin met
opleiding as vlieënier.



Valentynsweek
2023



Ontmoet Bastion se
eie SA-hengelaar:
Amoré Jacobs

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons skoolkoerant is werklik 'n pragtige samevatting van die aktiwiteite op die Bastion Buffelplaas en wens ek graag die redaksiespan geluk met die publikasie o.l.v. Dr Bothe-Smith.

2023 het werklik op 'n hoë noot begin na ons uitstekende Matriekuitsale van 2022 met 100% slaagsyfer en die toekenning vir die meeste vakke in die distrik - 20 vakke met 100% slaagsyfer! Verder is ons werklik dankbaar vir die groot getal graad 8 leerders wat vanjaar by ons aangesluit het. Dit dui verseker op die vertroue wat in ons skool se opvoeding gestel word. Ons graad 8's van 2023 is op 'n voortreflike wyse ingeburger op die Buffelplaas. Hulle het vinnig na die graad 8 kamp hulle voete gevind onder die bekwame leiding van die graad 8 voogde en die leerraad.

Vanjaar fokus die skool op verhoudings binne die skool, kwaliteit onderrig en om afrigting binne 'n gedissiplineerde omgewing daar te stel. Graag bedank ek elke onderwyser en afrigter betrokke by Bastion asook elke leerder en ouer vir u ondersteuning in hierdie verband - standarde is vir ons werklik belangrik.

Met hierdie aanslag het ons dan ook besondere sportprestasies behaal waar ons atlete en sportlui bewys het dat ons van krag tot krag groei. Twee leerders het aan die SA Nasionale Atletiek Kampioenskappe deelgeneem en drie dogters is ingesluit in die Gauteng netbalspan en ses dogters in die Jomo-netbalspan, terwyl dertien eerstespan rugbyspelers verkies is vir die uitnodigingspan na Italië - prestasies waarop ons opreg trots is!

Ek glo en vertrou dat kwartaal 2 weer bewys gaan lewer dat Bastion die regte skool is vir ons leerders en gemeenskap.

Baie sterkte vir die kwartaal wat voorlê.

Mnr. Gert Koekemoer

BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Dit is met groot trots dat ek hier kan skryf dat hierdie my laaste brief as redakteur van die Buffelblad is. Na ons eerste jaar as skoolkoerant het ons redaksie nou mooi hulle voete gevind en kan ek met groot opgewondenheid die leisels van redakteurskap in die hande van bekwame leerders oorgee!

Ons nuwe redakteurs is talentvol, passievol en gedrewe om van die Buffelblad 'n sukses te maak. Hulle kreatiwiteit en idees blyk onuitputlik te wees. Ons beoog om hierdie jaar nie sommer net ons koerant plaaslik te versprei nie, maar om op nasionale vlak aan Netwerk24 se Skolekoerantkompetisie deel te neem. Ons weet ons is eintlik nog in ons babaskoene, maar ek is nou maar een maal 'n ewige optimis. My optimisme kan soms my man grensloos irriteer, hy verkies om eerder "realisties" te wees... Dit klink vir my net na 'n sinoniem vir vervelig! (Skies Liefie... love you anyway!)

Gelukkig is niemand op ons redaksie vervelig nie, hier en daar dalk nog enetjie wat versigtig voetjie vir voetjie loop, maar ons is definitief uit ons kruip oppad na loop en hopelik sal ons binnekort die kompetisie kaf draf!

DR SANTIE BOTHE-SMITH

DIE BUFFELBLAD STEL BEKEND: REDAKTEURS 2023

LIANÉ WAGNER

Redakteur: Inhoud en beplanning

Van kleins af het ek 'n passie gehad vir skryf, dit was 'n manier vir my om my idees en gevoelens 'n uitlaatklep te gee.

Om te skryf of te lees, plaas jou in 'n ander wêreld en dit is wat ek geniet.

Ek het my eerste boek uitgeneem toe ek drie jaar oud was alhoewel ek nog skaars kon lees, maar van daar af is ek 'n totale boekwurm.

RUAAN VAN DER WALT

Redakteur: Bemaking en befondsing



Ek het nog altyd 'n passie vir skryf gehad. Skryf laat my toe om my kreatiwiteit uit te druk en ek hou van hoe geskrewe woorde kragtige emosies en idees kan oordra.

Ek is 'n ywerige navorser. Ek hou daarvan om verskillende onderwerpe na te vors en die wêreld uit meer as een perspektief te leer ken.

As mede-redakteur is ek daartoe verbind om vir julle die mees boeiende en insiggewende stories uit ons skoolgemeenskap te bring.

JOHANNES MYBURGH

Redakteur: Fotografie

Ek neem foto's om die beste oomblikke vas te vang.

Ek mag dalk daarvan hou om foto's te neem, maar om in foto's te wees is 'n ander storie!



SLYP, SLYP, ONS STORIE IS NOG VER VAN UIT!

Liané Wagner

PRETORIA - Op Saterdag 18 Februarie 2023 het skrywers, joernaliste en fotografe van die Bastion Buffelblad die FAK Skolekoerant Slypskool by die Voortrekkermonument in Pretoria bygewoon.

Ons eerste spreker, F.C. Pelser, die kommunikasiebeampte van die Voortrekkermonument en FAK het die gesprek gelei oor die probleem wat die hedendaagse koerantwese in die gesig staar – digitalisering. Met alles wat deesdae oorskakel na digitale formaat het die aanvraag na gedrukte media baie verminder, alhoewel gedrukte media tog voordele het bo digitale media, byvoorbeeld dat mens oor die algemeen jou volle aandag gee aan dit wat daar staan in plaas van om net deur dit te "scroll" soos ons doen op 'n skerm. Een van die nadele van gedrukte media is die hoë koste van drukwerk.

Tog is daar ook voor- en nadele as dit kom by digitale nuus. Aan die een kant is minder personeel betrokke, maar aan die ander kant kan een persoon betrokke wees meer as wat hulle die vermoë het om te hanteer. Tydsbestuur het dus baie belangrik geword. 'n Verdere nadeel vir die leser is die netelige kwessie om te kan identifiseer watter nuus is betroubaar?

Nico Strydom, die tweede spreker van die dag, is die redakteur van Maroela Media. Maroela Media is een van die grootste gratis Afrikaanse nuusbronne. Hulle het met slegs een personeel begin en het nou al uitgebrei na 15 mense wat saamwerk. Dit is vir hulle baie belangrik dat hulle joernaliste baie betrokke by die proses is sodat dit hulle eienaarskap van hulle stories kan neem. Hulle wil ons aanmoedig dat ons passie vir joernalistiek aan die brand sal bly, want enigiemand kan deesdae besluit om hulself 'n joernalis te noem en fopnuus die wêreld instuur. Dit is belangrik om vir lesers die waarheid te gee en hulle in te lig oor die goed wat werklik gebeur.

Seugnet van Zyl, 'n senior joernalis by Beeld, het bietjie lig in die tunnel van skryf gebring. Sy het gesê: "Joernalistiek is 'n wonderlike manier om 'n impak op jou omgewing te maak". Dit het ons almal laat moed skep en weer goed gemotiveer om werklik 'n Buffelblad aanmekaar te sit en uit te gee wat nie net ons skool se mense op hoogte hou van Bastion se dinge nie, maar ook 'n werklike impak op ons omgewing kan hê.

Na die informatiewe dag waar ons alles geleer het van hoe die formaat van 'n koerant moet lyk, wat belangrik is om voor te uit te kyk en wat die beginsels van skryf is, kon ons dit afsluit op 'n hoogtepunt met 'n vinnige besoek aan die Voortrekkermonument.



REDAKSIE

GRAAD 12	Christiaan Matthews	GRAAD 10	Bouwer Fourie
Chandré Boshoff	Christie Matthyser	Angelique Bawden	Stacey Hay
Anel de Lange	Johannes Myburgh	Eliska Combrink	Angelique Kent
Tanisha Geyer	Danelcha Pretorius	Dianté Fogolin	Regan Scheepers
Anesca Louw	Nicole Porter	Tanya Geldenhuys	Shani Schneider
Jalene Theron	Crystal Saunders	Leah Roets	Matthew van Loggenberg
	Liané Wagner		Mijané van Wyngaardt
GRAAD 11	Ruaan van der Walt	GRAAD 9	
Zander Cilliers	Chanté Uys	Jayden Churr	GRAAD 8
Dominique de Kock	Raven van der Heever	Raheem Berning	Daniellé Swart
Amoré Jacobs	Melissa van der Linde	Ryan Dazel	Jalandri t'Lam
Carmon Mattheus	Chanté van Eeden	Kayla Engelbrecht	

**funderjet**

FunderJet SA bied 'n nuwe **peer-to-peer** (P2P) beleggings- en leenplatform in Suid-Afrika aan. Hierdie platform bied 'n **veilige en betroubare** manier om jou geld te belê en te leen sonder om 'n bank te gebruik.

Ons P2P platform verbind beleggers met individue of besighede wat op soek is na 'n lening, sonder om van 'n finansiële instelling as tussenganger gebruik te maak. Dit bied 'n hoër opbrengs vir beleggers en laer rentekoerse vir leners.

Met ons P2P platform kan jy belê in 'n verskeidenheid van leningskategorieë, insluitend persoonlike lenings, betaalstrokie verhaalbare lenings klein besigheidsleninge. Ons bied ook 'n deeglike verifikasieproses vir alle leners en beleggers op ons platform met uitstekende kliëntediens.

As jy op soek is na 'n betroubare manier om jou geld te belê of 'n lening te kry sonder om die bank te gebruik, besoek die **FunderJet** platform vandag nog. Dit is die toekoms van beleggings en lenings en ons wil graag hê dat jy daardeur 'n wins moet kan maak.

Jy kan meer uitvind by www.funderjet.co.za

FunderJet SA is 'n Gereguleerde Finansiële Dienster Verskaffer (FSP50020)



Services we offer

- ✓ Personalized Funerals
- ✓ Evening Funerals
- ✓ Green Funerals
- ✓ Living Funerals
- ✓ After the funeral

Available 24/7

sonja smith
Elite Funeral Group
Since 2006

ROODEPOORT
010 300 9055 / 060 974 4877

STROKIESPRENT Raven van den Heever



TOPPRESTEERDERS - MATRIEK 2022



VIER ONDERSKEIDINGS



DEIDRÉ VAN DER MERWE

Afrikaans HT - 92%
Engels FAL - 91%
Lewenswetenskappe - 87%
RTT - 80%

VIER ONDERSKEIDINGS



WIAN VOGEL

Wiskunde Gelet - 86%
Engels FAL - 81%
Besigheidstudies - 85%
Toerisme - 81%

VIER ONDERSKEIDINGS



DELENEY WILLEMSE

Afrikaans HT - 82%
Engels FAL - 87%
Lewenswetenskappe - 80%
RTT - 83%

GRAAD 8 ROEKIES ARRIVEER IN DIE BASTION ARKADE

Chandré Boshoff

MINDALORE - Op Maandag 9 Januarie 2023 het Hoërskool Bastion ons graad 8 Roekies met ope arms verwelkom. Hulle glimlaggende gesiggies het ons harte verwarm en ons kon sommer sien hulle is opgewonde om hier te wees.

Sommige van hulle was 'n bietjie angstig en bekommerd, want hulle het nie geweet wat op hulle wag en wat van hulle verwag word nie, maar na die leerraad se "Prou's" hulle op 'n toer gevat het en hulle ons ongelooflike skool gaan wys het, het hulle sommer baie beter gevoel en was hulle reg om die jaar aan te pak.

Op hulle eerste dag het ons Roekies stadig maar seker begin om nuwe vriende te maak en ou bande weer te versterk. Almal wou net weet watter dingetjies hulle gedoen het in die vakansie en hoe hulle hulle tyd gebruik het. Al wat ek kon aflei is dat dit definitief nie vir huiswerk of lees was nie!

Soos die Roekies ook geweet het, was die groentjekonsert om die draai en hulle kon nie wag om te begin oefen nie. Hulle het sommer al vroeg-vroeg geweet wat op hulle wag en wat elke klas se tema sou wees. Hulle ogies het geblink van opgewondenheid en hulle kon nie uitgepraat raak daaroor nie.

Die eerste dag het tot 'n einde gekom en hulle kon nie wag om huis toe te gaan en vir mamma en pappa te vertel wat gebeur het nie. Almal was uitgeput, maar reg vir die volgende dag!

Ons het hierdie jaar besluit om weer lewe te blaas in 'n ou tradisie en het vir die graad 8's hulle eie lied gegee. Ons hoop dit skiet van voor af wortel en bly altyd deel van Bastion se graad 8 tradisies!

DIE GRAAD 8-LIED

Geskryf deur Chandré Boshoff

Loop by die skool in
en alles lyk anders.
Ek voel sommer bang
ek kners op my tande.

My ma groet my by die hek,
maar ek dink ek's op die regte plek.
Want hier's baie ander dinge
wat ek nog nie van weet nie.
Ek weet nie eers van alles
wat ek hier gaan leer nie.

Die groot skoolklere los my verleë.
Kan iemand net vir my 'n bietjie rigting gee?
In die verte hoor ek leiers fluit.
Hulle sê: "Kalfies kom ons help julle uit!
Los die vrese,
hou net by ons leuse.
Sit my skooltas op my rug.
Raak verlore in die gees.
Dit gaan lekker wees.
Oor vyf jaar kyk ek terug.
En dan is ek nie meer 'n kalfie,
maar 'n ware buffel
met die Bastion bloed binne my.
Ek is hier om te wen!
Ek is 'n Roekie!



SPOTPRENT

Zander Cilliers



Juffrou Lynette "Moederhen" Jonker
en haar graad 8 kuikens.



GRAAD 8

2023

KAMP

ONS EERSTE HOËRSKOOLE ERVARING

Jalandri t'Lam

MODIMOLLE - Vanaf 13 tot 15 Januarie het Hoërskool Bastion se Roekies van 2023 op 'n heerlike kamp na Jubaweni Ekologiese Wildsplas gegaan. Groot opgewondenheid het onder die Roekies geheers toe ons vertrek het.

Vrydag se busroete was lank en daar was baie bagasie wat swaar was. Met ons aankoms was daar baie aktiwiteite en 'n heerlike middagete wat op ons gewag het. Saterdag vroegoggend het ons afgeskop met lekker boeresport, in die dam geswem en 'n hindernisbaan het op ons gewag. Daar was heeldag geesvang tussen die groepe.

n Nagmars Saterdagagaand gepaardgaande met Griekse mites

en sterrekyk het die kamp op 'n hoogtepunt gebring. Na die nagmars het ons voor slaaptyd Bybelstudie saam met die leieraad gehad.

Ons het Sondag 15 Januarie vertrek met die busse op die lang pad terug huis toe. Baie van die Roekies was doodmoeg en het 'n uiltjie geknip na die uitputtende naweek vol pret.

Die hoogtepunte van die kamp was die konstante pret vroeg in die oggende en laat in die aande, die heerlike kos en nuwe vriendskappe wat gebou is.

Die Roekies wil graag dankie sê aan die ondervysers en leieraad wat saamgegaan het. Dankie vir al julle moeite en omgee!



WAT 'N NAWEEK...

Anesca Louw

Foto's: Tanisha Geyer

MODIMOLLE - Sakspring, drie-been-resies, hindernisbane, swem, nagmars en nog vele meer.

Die graad 8 kamp was 'n belewenis! Ons het wel so gesweet dat ons 'n rivier kon vol maak in daardie hitte, maar die glimlagte op elke kind en leier se gesig het ons somer vinnig daarvan laat vergeet. Met al die insekte wat orals was, het ons vasgestel watter graad 8'ies en leiers is nie uitgeknip vir die bosveld nie!

In net drie dae se tyd het nuwe vriendskappe ontstaan en is oues versterk. Ons leiers het gesorg dat elke graad 8 leerder deel word van ons Bastion familie deur so nou en dan te blaf soos 'n hondjie, te swem op gras, korter as die leier te wees en "Twinkle, twinkle little star" te sing.

Die leiers was ook behoorlik deel van die graad 8 kamp. Ons het tougetrek, in die dam geswem en saam met ons graad 8'ies aan die hindernisbaan deelgeneem. Dit was 'n opregte spanpoging van almal. Nou begin die hoërskool avontuur van die graad 8's.



WELKOM BY DIE SPEL VAN JOU LEWE

DIE BASTION ARKADE

Jalandri t'Lam

MINDALORE – Die Roekies van 2023 het gedans, gesing en net pret gehad gedurende die week van 24–26 Januarie tydens hulle groentjekonsert. Die onderskeie klasse het hulself gate uit geniet.

Elke klas het 'n ander arkadespeletjie verteenwoordig: 8B was Sonies (Sonic) wat blitsvinnig die kompetisie aan die brand gehardloop het. 8A was Die Marius-broers (The Mario Brothers) en ook die weners met die beste en mooiste banier én met die beste kreet. 8S het Suikerstorm (Sugar Rush) verteenwoordig en het hulle soete energie gebruik om die beste dans te wen. Die ruimte-indringers (Space Invaders) van 8T het die prys gewen vir beste vordering. 8I was Hapman (PacMan), die spokies gaan jou vang! Hapman het omtrent die spokies rondgejaag en “cherries” gevang. 8O – Breek dit Bennie (Wreck-It Ralph) en Maak dit reg Jan (Fix It Felix), die klas wat ons maak of breek, maar hulle was definitief die “rock 'n roll” van die aand. 8N was Donkey Kong wat gespring het om die aand op 'n hoë noot af te sluit.

Dankie aan elke Roekie wat elke oefening bygewoon het en dat julle 2023 'n jaar maak om te onthou! Baie geluk aan die leieraad wat die Springmielies geestrotte gewen het.

Dankie aan ons vier hoofkarakters wat die beste vertoning tydens elke optrede aangebied het – die hoofleiers van kultuur, Joodré de Beer en Chloé Niemann, en die twee Roekies, Ruhan Kruyshaar en Jalandri t'Lam, julle was supersterre!

Baie dankie aan juffrou Jackie du Toit en juffrou Lynette Jonker vir al julle moeite en aanmoediging om ons Roekies na die volgende vlak van die Bastion Arkade te neem. Ons sien uit na die spel!



ATLETIEK

Liané Wagner en Eliska Combrink

BASTION SPORT

Foto's: Amoré Jacobs



KRUGERSDORP - Na drie atletiekbyeenkomste was Bastion se atlete goed aan die gang. Die kompetisie het al hoe moeiliker geraak soos wat ons atlete teen mekaar kompeteer het om die Top 15 te bereik. Na elke byeenkoms is die Top 15 bekend gemaak en elke keer daarna het die atlete hard gewerk om net daai ekstra bietjie vinniger te hardloop, hoër te spring of verder te gooi om die span te haal.

Met ons hardwerkende atlete en die vooruitsig van die Top 15 span, was Bastion werklik besig om te bou.

In antwoord op die vraag hoe dit voel om deel van Bastion se groeiende prestasies te

wees, het hoofdogter, Runé Etsebeth gesê: "Ek hou my kop omhoog en glimlang met trots om deel te wees van die 'legacy' wat ons gaan agterlaat". Bastion se hoofleiers sê dat hulle baie trots is op elke graad 8 Kalfie wat hierdie jaar die moed bymekaareskraap het om deel te neem en hulle talente op die atletiekbaan te kom uitleef of selfs nuwe talente te ontdek.

Vroeg op Woensdagoggend 8 Februarie 2023, het vyftien van ons skool se beste atlete na Hoërskool Noordheuwel vertrek om teen 49 verskillende skole te gaan kompeteer. Die program het alreeds nege uur die oggend begin en geduur tot half nege die aand

omdat daar verskeie lopies van elke item moes wees.

Dit was 'n hárde stryd vir Bastion, maar ons kinders het deurgedruk. Meneer Quintis Writes het sy hele dag opgegee om ondersteuning en leiding aan ons atlete te bied. Johané Lamprecht het die tweede plek behaal in die 100m en was dertiende in die 200m vir o/17 dogters.

In totaal was daar 'n groot verskeidenheid van Bastion se top 15 atlete onder die eerste 20 deelnemers van hulle items.

Bastion het 'n goeie dag op die atletiekbaan gehad. Dit het bewys dat Bastion altyd besig

is om te verbeter en het ons atlete aangemoedig om harder te werk.

Ons is opgewonde oor Bastion se atlete se gedreweheid, uithouvermoë en deelname. Niks stop 'n Buffel as hulle eers op dreef is nie, want beter, beste, Bastion!



Foto: Christiaan Matthews



Foto: Christiaan Matthews



Foto: Johannes Myburg



Foto: Johannes Myburg

WAT OP AARDE IS JUKSKEI?

Carmon Mattheus

Jukskei is 'n sport vir almal - oud, jonk, lank of kort! Die doel van jukskei is om tot op 'n telling van 23 te kom, maar terselfdertyd moet jy jou opponente keer om 23 te kry. Daar word 'n houtpen in 'n sandput gestee en jy moet probeer om die pen raak te gooi met skeie, oor 'n bepaalde afstand, volgens die ouderdomsgroep waarin jy deelneem. Wanneer die pen omgegooi word, tel dit drie punte en indien die skei binne die radius van die pen lê, tel dit een punt.

Dit klink na 'n maklike sport, maar jy het nêr twee kanse om die pen raak te gooi! Dis nie al nie, die penne wat deur die een span gegooi word, kanselleer ook die penne wat die ander span gegooi het, uit. Jukskei is 'n baie taktiese sport waar 'n mens mooi moet kophou van die punte, so wiskunde is baie belangrik, maar gelukkig hoef jy net tot 23 te kan tel! Die belangrikste reël van jukskei is om dit te geniet en as jy dit geniet, sal jy skof gooi!

Nou vra, wat is skof? Skof is wanneer jy 23 punte behaal. In jukskei moet jy gooi tot jy 23 punte het en die span wat eerste 23 behaal, het skof verkry, maar sodra jy meer as 23 het, "bars" jy en moet jy weer op nul begin. Gelukkig hoef mens nie altyd te wen om 'n goeie wedstryd te geniet nie!

Een van Bastion se eie leerders, Bairon Smuts, het al SA-kleure vir jukskei. In Desember 2022 het hy in Kroonstad gaan deelneem en tydens sy deelname daar is hy gekies vir SA Proefspanne. Bastion is baie trots!



RUGBY IN MY OË

Danelcha Pretorius

Ons kry altyd daai mense wat sê dat ons meisies niks weet van rugby nie, maar daardie mense is heeltemaal verkeerd. Wat sommige meisies weet van rugby sal 'n hele paar mense verbaas! Dis nie net een goeie duikslag en nou is jy baas nie. Rugby bring ouens saam en laat die manne in die span saamwerk. Die belangrikste is om jou vriend te ondersteun of soos die Engelse sou sê – to have his back. Dis wat rugby in my oë is. Vir ander meisies is dit dalk die spiere en die bene, maar onder al daai spiere en aggressie is 'n rugbyheld met 'n hart van goud. Nie almal sal saamstem nie, maar rugbyspelers het ook persoonlikhede en goeie harte, al is hulle kwaai op die veld. Rugby is een van ons land se gunsteling sportsoorte – dis die sport wat familie en vriende bymekaar bring en in ons skool is rugby een van ons top sporte, as't ware ons familiesport. Dit is die sport wat skole, onderwysers, vriende en familie byeenbring. En dít is wat rugby in my oë is, wat is dit in joune?



DIE BUFFELS SE NETBALSEISOEN SKOP AF

Mijané van Wyngaardt

Die 2023 netbalseisoen het lekker sterk afgeskop! Die oefeninge voel lank en is moeilik, maar is baie opwindend. Ons afrigters werk ongelooflik hard om ons fiks en reg vir die wedstryde te hou.

Die eerste wedstryde was baie moeilik, maar ons het al baie ver gevorder. As jy op die baan stap voel jy vry en dit is baie lekker om net saam met jou vriendinne en spanmaats 'n wedstryd te geniet. Om die bal deur die ring te gooi is so opwindend, maar om daar te kom, moet die hele span saam baie hard werk. Ons voete staan nooit stil nie en die bal is altyd aan die beweeg.

Met die ondersteuning van die skool en ons ouers voel dit asof ons enige iets kan bereik. Ons raak so opgewonde oor elke wedstryd ten spyte van die spanning, maar solank as wat ons dit geniet en ons span sterker daar uitstap, was dit verseker 'n wen, maak nie saak wat die telling was nie!



DIE 2023 HOKKIEBAL IS AAN DIE ROL

Chanté Uys en Crystal Suanders

Hokkie is nie net 'n talent of 'n sport nie, dis 'n passie. Al die hokkiespanne het groot drome en doelwitte vir 2023. Elke hokkiespeler kan saamstem dat daar 'n “feel good adrenalin rush” is wanneer daar 'n hokkiewedstryd gespeel word. Een van die gunsteling dinge van die hokkiefamilie se avonture is die bus. Almal wonder seker wat op die bus gebeur? Daar word altyd krete deur al die spelers en die afrigters gesing. Op die veld ondersteun alle spanne mekaar en elke speler speel hul asem weg en harte uit.

By oefeninge word daar geoefen, gelag en dan is daar natuurlik ernstige oomblikke. En het jy al hokkie-afrigters gesien? Hulle is gemotiveerd, regte “go-getters” en sal altyd help waar hulle kan, maak nie saak of dit fisies of emosioneel is nie. Daar is selfs afrigters wat in hul hoëhakskoene by oefensessies teen ons mini-wedstryde speel!

Ons kan nie wag om te sien wat 2023 vir alle hokkiespelers en -afrigters inhou nie. Saam gaan ons nog hoër hoogtes bereik. Hierdie jaar word die onderskeie spanne deur die volgende afrigters afgerig:

O/14 – Juffrou Hanlie Swanepoel
O/15 – Juffrou Nichole Richter
O/16 – Juffrou Anuschka de Jager
2des – Juffrou Annie de Wit
1stes – Juffrou Natasia Muller

Ons sien uit om almal langs die hokkieveld te sien!



MULLIES KOM KUIER BY BASTION

Stacey Hay en Danelcha Pretorius



Foto: Christiaan Matthews

Hier by Hoërskool Bastion hou ons daarvan om ons hekke oop te maak vir leerlinge van laerskole wat dit oorweeg om deel te word van die Buffelfamilie. Op 22 Februarie het ons die graad 7's van Laerskool Muldersdrift in Buffelland, soos altyd, met ope arms verwelkom met Sirbastion homself as deel van die verwelkomingskomitee. Ons probeer altyd om 'n dag soos hierdie baie lekker en spesiaal vir voornemende Buffels te maak.

Die Mullies het in groepies ons sportvelde en -bane, stoepe en klaskamers getoer, maar hulle het natuurlik eers elkeen 'n pakkie lekkergoed gekry. Hulle het sommer baie pret gehad in die restaurant waar hulle meer geleer het van kook en bak en 'n koekie versier het om later aan te knibbel. Juffrou Riëtte Bezuidenhout (Verbruikerstudies) het gesê dat hierdie groep leerders werklik baie goed gemanierd was. Een van hulle was só entoesiasies oor kook dat hy gevra het of hy pouses vir homself mag kos-maak in die restaurant se kombuis!

Heelparty leerders het hulself baie geniet in die meganiese en tegnologie sentrums waar hulle geleers het van muurstutte en enjins. Hulle het ook gedraai by al die ander verskeie vakke wat ons skool aanbied, baie het hoendervleis gekry by Lewenswetenskappe en ons is seker 'n paar leerders se bloed het sommer geborrel by Rekeningkunde, Besigheidstudies, Verbruikerstudies en ja, waarskynlik Wiskunde ook!

Ons hoop dat ons in die jaar 2024 baie nuwe Kalfies sal kry wat in 'n kort tyd nie net 'n goeie verskil in ons skool sal maak nie, maar wat hulself moeiteloos en in 'n oogwink hier sal tuisvind. Ons harte en arms is altyd oop vir nuwe leerlinge en ons kan nie wag om julle as deel van ons familie hê nie



Foto's: Christiaan Matthews



Foto's: Christiaan Matthews



Christie Matthyser en Nicole Porter

Foto's: Christiaan Matthews

MINDALORE - Bastion het 'n baie suksesvolle opedag gehad. Buffelland het oorgeloop met gees van verskeie skole! Almal was hier, van Laerskool Dr Havinga tot Laerskool Krugersdorp-Noord. Ons liefdevolle buffel, Sirbastion, het ons toekomstige graad 8's by hek die gegroet met 'n stywe drukkie. Na die groetery by die hek kon die graad 7's gaan speletjies speel. Daar was verskeie speletjies, van 'Balloon Pop' tot 'HungrySaurus', wat die kinders verskriklik geniet het en groot gees gebring het. Pryse is gewen en die rye stoele in die saal vir die fliek, 'Die spel van jou lewe', was volgepak.

Almal was so opgewonde en sien sommer reeds uit na volgende jaar! "Ek sien uit na die gees, nuwe vriende en opvoeding" sê Ziané Labuschagne van Laerskool Rapportryer. Ons hier in Buffelland sien net so baie uit! Ons Buffels kan nie wag om die nuwe Kalfies te ontmoet nie. Anesca Louw, hoofdogter van Sosiaal en Bemaking, het gesê dat hierdie groep graad 7's se gees iets heeltemal anders was en dat hulle beslis 'n goeie gesindheid het. Elkeen van hulle het deelgeneem aan die speletjies en almal het kans gesien vir enige iets. Sy het dit geniet om saam met die jongetjies die speletjies te speel en te voel asof sy nie in matriek is nie, maar self een van die nuwe voornemende graad 8's is!

Dis veilig om te sê dat Bastion weereens 'n suksesvolle opedag gehad het! Juffrouens Madrey Smit, Jackie du Toit, Lynette Jonker en hulle span het hulself besonders goed van hul taak gekwyd.



LIEFDE IN DIE WOLKE

'N WEEK VAN LIEFDE

Angelique Bawden en Leah Roets

Bastion bou! Ons bou op hulpvaardigheid, vertroue en natuurlik LIEFDE. Valentynsweek hier by Bastion was besonders. Met al die temas het die Buffels nie teleurgestel nie. Van hartjiedag tot pasmaats, Bastion "went all out".

Dinsdag – op Valentynsdag – was die tema "hartjiedag", die perfekte tema vir die dag van liefde! Van lipstiffie op die wang tot groot karton hartjies, elke een het hulself en hul liefde op die dag uitgebeeld. Hulle het "feel the love" letterlik opgevat.

Woensdag was die tema "pasmaats". Almal sê: "Twinsies!" Daar was ongelooflike kreatiwiteit op hierdie dag. Al die liefies en beste maatjies het mekaar behoorlik gekomplimenteer. Dit was by verre die interessantste dag gewees. Daar was die minions, "slumber party", "King and Queen", tweeling en die verskeie paartjies. Moenie vergeet van die uitstekende Bonnie en Clyde nie.


Bastion het seker gemaak dat dit 'n week was om te onthou! Samsara en Juicy Wiggle, Macarena en Cha-Cha Slide het pouse kliphard op die blokke opgeklank. Ons het gesing, gedans, gelag en ons was nie bang om net so klein ou bietjie uit te haal en wys met ons danspassies nie. Veral nie Amber-Jade Snyman nie! Sy was beslis die STER onder die dansers.

Liefde, liefde, liefde. Nog nooit het iemand só baie rooi, pienk en wit in een plek gesien nie. Die Bastion stoepe was vol vreugde, liefde en kleur. Die pragtige verskeidenheid van persoonlikhede, elkeen sy eie styl en unieke wyse van liefde toon, dit raak die hart aan. Nie net is Bastion 'n skool van respek en omgee nie. Bastion is 'n skool van liefde. 'n Liefde vir akademie, sport, behulpsaamheid en vir mekaar. Bastion Bou! BASTION, VIR NIKS VERRUIL ONS JOU!



Foto's: Leah Roets

Verlief is mooi.
verlief is soet.
dit was die mooiste dag
toe ek jou ontmoet.



SPOTPRENT

Shani Schneider



Foto's: Carmon Mattheus

VIR EWIG JONK

Danelcha Pretorius


Op 23 maart 2023 het ons skool 'n aand vol pret vir ons mede-Buffels gereël – 'n sokkie om die kwartaal af te sluit. Almal het gesing, gedans en gelag. Die samesyn is wat die aand waardevol en spesiaal gemaak het, 'n aand om nog lank as herinnering te koester.

Die sokkie het vir baie verliefde paartjies die geleentheid gegee om saam te dans en 'n baie lekker tyd saam te hê. Baie leerders het baie moeite gedoen en die dames het te pragtig gelyk in hulle rokke en sommige van die seuns was somer bitterlik aantreklik "gesuit and tie".

Die Buffels het nooit te min gees nie en dié aand is dit bewys dat ons tops is wanneer dit kom by geesvang. Die graad 8's het ook hulle heel eerste hoërskool sokkie baie geniet. Baie nuwe vriende en ook baie goeie herinneringe is daardie aand gemaak.

Bastion kan verseker 'n sokkie gooi – hierdie was een in 'n miljoen tipe van 'n aand! Ek voel dat die doel van 'n sokkie nie net dans is nie, maar om almal 'n lekker tyd te gee en vir leerders die kans te gee om saam met vriende te kan lag en sing. As daar een ding is wat vriendskappe laat groei, is dit die sokkies wat ons skool hou. Bastion se sokkies is definitief die ding wat ons leerders (en ook sommige onderwysers... soos juffrou Boshoff) vir ewig jonk hou!





Indien jy graag wil hê Sarie moet 'n bietjie aandag aan jou spesiale probleempie gee, skryf 'n briefie en kom plaas dit in die koerantboks in K11.

Sarkastiese Sarie gee raad

Geskryf deur 'n plaaslike, anonieme raadgewer wat 'sarkasme' vlot kan praat.

Liewe Sarie
My ma pak elke dag vir my dieselfde boring kosblik. Ek kan nie meer nie!
#varietyisthespiceoflife

Liewe Variety
Wat 'n jammerte... ons moet almal een of ander tyd groot word né! So hier is my raad vir jou: Staan so 'n vroeër op en begin jou eie kosblik pak, dan gaan hy mos nie boring wees nie. Ons is in die hoërskool, Boets, word groot en begin sulke goedjies self doen.
#doendingebietjieselfougrote

Liewe Sarie
Skoolklere is so vervelig! My rok moet so lank soos 'n ou tannie s'n wees en my hare moet alewig vasgemaak word. Ek het ook regte.
#wysjoulyf

Liewe Lyf
Ek verstaan 100% die probleem hier. Ek vra namens die skool om verskoning vir die ongerief wat ons vir jou veroorsaak... Hoe durf ons jou van jou individualiteit en regte om skaars klere aan te trek ontnem? Dis wel vir ons van groot belang om skoolkinders se veiligheid te prioriteer – jy weet, beskerming teen wind en weer en tienerhormone en sulke dinge... 'n Skoolrok of -romp in 'n standaardformaat is in daai geval baie handig.
#steekwegjouvleis

Liewe Sarie
Voogperiodes is nie lank genoeg om my huiswerk te doen nie. Ek het sport en 'n lewe na skool. So wanneer anders moet ek huiswerk doen?
#besigbesigbesig

Liewe Besig
Ek is so jammer dat die voogperiodes nie jou huiswerkbehoefte kan akkommodeer nie. Ek sal beslis seker maak om 'n reëling te tref sodat ons vir jou 'n "company kar" mét petrol kan kry. Sommer met die skool se wapen op. Jy gaan dit maar moet gebruik vir jou lewe en sport na skool, want as jy so aanhou, gaan jy nog laaaank in die skool sit.
#skoolbanketotjoudis

Liewe Sarie
Ek is nou al in graad 8, maar my ma besef nie ek is nie meer 'n kind nie. Hoe kan ek haar oë laat oopgaan?
#mammasegrootkind

Liewe Grootkind
Ek weet hoe jy voel. Dis nooit lekker om te dink jy is groot en dan kom mamma en wys ons maatjies dat ons nog eintlik haar klein skapie is nie. So sê net vir haar: "Mamma moet my asseblief nie Skapie voor my maatjies noem nie, ek wil groot lyk en voel voor my maatjies." Dan kan jy sommer ook begin om jou eie kos te maak, wasgoed te was en rekeninge te betaal. Aanvaar dit net my ou, jy gaan altyd haar skapie wees.
#mammaseskapie

Liewe Sarie
Ek is 18 en het noutet my lisensie gekry, maar my ouers het vir my 'n tweedehandse Ford Figo gekoop. Dis so basic!! Hoe kan ek hulle laat besef ek verdien 'n splinternuwe kar?
#FixOrRepairDailyHelp

Liewe F.O.R.D.
Nee my ou, kan jy dit nou glo? 'n Tweedehandse kar en dan is dit nog 'n Ford Figo! Gross! Ek sou nog verstaan as dit 'n BMW was, maar nee regtig... Hoe het jy dit oorleef tot op hierdie hoë ouderdom met sulke 'verskriklike' ouers? Maar hulle sê mos jou ouers koop mos vir jou wat hulle dink jy werd is. Mmmmmm, wat het jy gedoen dat hulle so min waarde aan jou heg??
#doesmymomevenloveme

Liewe Sarie
Die area waar ek bly kry nie loadshedding nie, ons krag is permanent aan... Ek voel so uit tussen my vriende. Hoekom kan ons krag nie ook maar net afgaan nie???

Liewe Teveel
Ek is so bly dit is jou grootste probleem... die krag wat aan is. Lyk my jy is nie spesiaal genoeg vir loadshedding nie, as die liggies daar bo net so helder wou wees soos die in jou huis sou alles mooi uitgewerk het. Dit moet vreeslik wees as nie eers Eskom dink jy is spesiaal genoeg om ingesluit te word nie...
#skynliggieskyn

OPINIES WAT SAAKMAAK



Raheem Berning



Resensies oor baie belangrike dinge



Bouwer Fourie

NUWE ONDERWYSERS : TIKTOK DANS UITDAGING



Op Vrydag 27 Februarie 2023 het die Buffelblad 'n offisiële TikTok uitdaging aangebied vir al die nuwe onderwysers wat tot dusver in 2023 by ons aangesluit het. Die uitgenooide was juffrouens Ursula Ludick en Hanri Lochner en menere Louis Viljoen, Dirkie Marais, Liaan Perry, Wynand Pretorius, Cassie van der Walt en Con de Waal. Ons was 'n bietjie teleurgesteld toe net ses van die agt eregaste opgedaag het. Die ander twee het blykbaar geldige verskonings gehad...

Ons het afgeskop met die Macarena, want wie ken nou nie daai dansie nie? Julle sal verbaas wees... Meneer Marais en meneer Perry het bietjie ekstra aanmoediging nodig gehad. Hulle het in die agtergrond gebloom en die verhoog verlaat toe hulle die kans kry! Meneer Marais kan dalk die dromme goed speel, maar dans, veral voor 'n gehoor, blyk nie sy ding te wees nie. Meneer Perry sou gewen het indien die uitdaging 'stil speletjie' was! Dus het slegs ons twee juffrouens en menere Van der Walt en De Waal na die finale rondte deurgedring.

Die winners van die 2023 TikTok uitdaging is deur die leerders se toejuiging aangewys as jufrou Hanri Lochner en meneer Cassie van der Walt. Ons het met die gehoor saamgestem en ook gevoel dat hulle twe

die meeste energie gehad het. Juffrou Lochner het gedans soos 'n professionele TikTok smaakmaker ("influencer") en Meneer van der Walt mag net dalk op sy eie meer gees as die res van die skool almal saam hê! 'n Klein boodskappie van juffrou Lochner: "IT WAS GIVING!" Ons wil graag dankie sê vir die onderwysers wat (selfs onder protes) deelgeneem het.

Foto: Christiaan Matthews



Vriendekring in die kollig

Amoré Jacobs



Foto: Amoré Jacobs

V.l.n.r. Gorata Morweng, Bokang Leoto, Kgotsa Seatlholo, Katlego Shuping, Olerato "Toppi" Segeri, Akhona "Mufasa" Kunene en Vusi Ntsane.

We find ourselves as brothers, not by blood but by choice. The simple meaning about brotherhood is helping each other out when one is in need... like the saying goes: a friend in need is a friend indeed. This photo's mood gives happiness, knowing you have people to rely on, keeps a smile on your face even in time of distress. We've honestly been there for each since grade 8, never judged, always listened and corrected each other.

Why do we smile all the time? Well firstly, smiling is free therapy, we smile a lot because of the jokes we tell among each other talking about our height and who's single (real teenage things) the list goes on. It's endless!

It shows that through thick and thin we will always be there for each other, caring for each other. We love each other and respect each other, that is the main part of the brotherhood. This shows people that there is no fake friends in life. They have been real. There is no fakeness.

We smile because we see love in each other, talk about anything and still get to laugh. I'll probably say we laugh more than 55 times a day. It's important to me because one day I can show my kids that there are people who love you even if you are the weirdest person!!

SPOTPRENT

Zander Cilliers



Die graad 8's is die matrieks se grootste "fans".



ONTMOET 'N PAARBASTION BUFFELS

Amoré Jacobs

Jayden Churr

Amoré Jacobs, het op haar jonge ouderdom die nasionale vroue hengelspan gemaak! Hierdie is haar antwoorde op 'n paar dinge wat ek gewonder het oor haar en hengel!

Jayden Churr: Watse soort visse vang jy?

Amoré Jacobs: Ek vang spesies soos karp, baber, geelvis en graskarp. Dis dié wat die meeste vir ons voorkom.

JC: Hoe werk 'n hengelkompetisie?

AJ: Wel eerstens het jy geduld nodig! 'n Kompetisie is vir my 'n lekker ding, selfs al is die hengelaars waarteen ek kompeteer baie sterk. Daar is natuurlik baie reëls wat nagekom moet word. En om elke oggend tydens die kompetisie 3 uur op te staan en weer eers 9 uur te gaan slaap, is baie moeilik! Die weners word bepaal deur gewig en die punttoekening wat elke vis werd is.

Amoré Jacobs

JC: Hoe oud was jy toe jy begin het en wie het vir JOU geleer?

AJ: Ek was maar net 4 jaar oud toe ek begin het en ek het my liefde daarvoor gevind deur my pa wat my geleer het.



JC: Wat is die grootste vis wat jy al gevang het, en hoeveel het hy geweeg?

AJ: Die grootste vis wat ek al gevang het was 'n baber van 21 kilogram. My grootste karp was 9 kilogram en my grootste graskarp was 8 kilogram.

JC: Wat is, volgens jou, die beste aas?

AJ: Ongelukkig kan ek nie my geheim met julle deel nie!

JC: Watse prestasies het jy al bereik?

AJ: Ek is in graad 5 (2017) vir die eerste keer vir die Gauteng én SA-span gekies. Daarna het ek elke jaar beide spanne gemaak. Behalwe in 2020, want Covid het veroorsaak dat ons nie kon visvang nie. ☹️

JC: Hoe sterk is die kompetisie op nasionale vlak?

AJ: Ongelukkig sterk, dit is baie intens, maar aan die einde van die dag is dit die moeite werd!

JC: Watse raad sal jy vir iemand gee wat wil begin hengel?

AJ: My raad sal wees om nie twee keer daaroor te dink nie, doen dit net! Bastion het 'n span en ek gaan wel daar uithelp.



Foto: Krugersdorp News

RUNÉ ETSEBETH EN JUAN VENTER

ARE YOU READY FOR IT?

Dominique de Kock en Melissa van der Linde

Bastion sit op hete kole om te sien wat ons nuutverkose hoofleiers, Runé Etsebeth en Juan Venter, vir 2023 beplan.

Ons het die geleentheid gehad om met die room van Bastion te gesels en met groot afwagting het ons onself voorberei vir die onderhoud met dié twee ambassadeurs van Bastion.

Ons was aangenaam verras om uit te vind dat hulle van beroemde liedjies soos "Flowers" deur Miley Cyrus en "Lelieblom" deur Spoegwolf, hou. Met 'n liefde vir treffende liedjies soos dié, is dit vanselfsprekend dat vanjaar 'n treffende jaar gaan wees.

Ons hoofleiers se missie is om die skoollied en credo terug te bring. Hulle het sommer vroeg in die jaar daad by woord gevoeg toe hulle ons leerders gemotiveer het om vir 'n week lank ons skoollied te leer en uit volle bors te sing. Hulle vertel dat hulle hul inspirasie gekry het by die leiers van 2019 – die matrieks van hul eie graad 8 jaar. "Daarom wil ons ou tradisies en die GEES van Hoërskool Bastion terugbring," het hulle gesê.

Na 'n humoristiese en gemaklike onderhoud met Runé en Juan het ons bietjie oor hul toekomsplanne uitgepra. Juan het dadelik gesê dat hy graag 'n beroep as 'n elektriese ingenieur wil nastreef. Runé het oor haar verskeie keuses nagedink en ons meegedeel dat sy graag 'n hotelbestuurder wil wees.

Runé en Juan hoop dat hul nalatenskap een is wat vir baie generasies onthou sal word en dit moet een wees van GROOT gees! Klink vir ons, of hulle reg is om die Buffel by die horings te pak!

JUFFROU URSULA LUDICK

Crystal Saunders

Juffrou Ludick het aan die einde van 2022 by die Bastion-familie aangesluit. Sy is die enigste dansonderwyseres by die skool en bied ook Kuns vir die graad 8's aan. Tog is sy in 'n groot verskeidenheid ongewone velde gekwalifiseer.

Voordat juffrou Ludick by Hoërskool Bastion kom werk het, was sy 'n studente vlieënier! Sy het in totaal al 66 ure gevlieg. Verder was sy werksaam by Execujet Aviation Services, waar sy 'n passasierhanteerder en gasvrou was. Juf Ludick het ook 'n radiolisensie daar verwerf.



Buiten haar ervaring wat die lugdiens aanbetref, het sy ook gaan studeer en haar BA graad in kindersielkunde behaal. Haar belangstellings het nie daar gestop nie – sy het haar ook gaan bekwaam as 'n gevorderde dansonderwyseres en besit tans haar eie studio – Move Dance Studio.

RAHEEM BERNING – DIE DANSER

Matthew V Loggenberg

Raheem Berning, 'n graad 9 leerder, het tydens die 2022 Desember skoolvakansie aan 'n dans kompetisie deelgeneem. Dié kompetisie sal binnekort op televisie te siene wees; die program se naam is "Move Your Feet".

Ek het Raheem genader om hom 'n paar vrae te vra sodat ons hom beter kan leer ken en meer kan uitvind oor sy passie vir dans.

Matthew van Loggenberg: Wanneer het jy begin dans?

Raheem Berning: Ek het begin dans toe ek net vier jaar oud was. Dit het als begin in die sitkamer op die liedjie "Single ladies" van Beyoncé. Ek dans, want ek is baie lief daarvoor en as ek nie my emosie vir iemand kan wys nie, dan doen ek dit deur my danse.

MvL: Wat is vir jou moeilikste dans?

Raheem Berning: Eerstens definitief die "Jive" – dié dans vereis baie spring bewegings en spronge en dit is nie altyd maklik om telling te hou nie.

MvL: Wat is jou gunsteling optrede as 'n danser?

RB: Ek geniet nogal "contemporary", want jy gebruik jou hele lyf en jy kan ook emosies gebruik. Dit is 'n baie ekspressiewe vorm van dans.

MvL: Wat is jou gunsteling liedjies om op te dans?

RB: "Ashes" van Celine Dion en "I" van Lewis Capaldi.

MvL: Wat is jou grootste prestasie sover gewees?

RB: Ek het Mr Dance Recap gewen in 2021 met 'n persentasie van 98%, ek het in baie kunswedstryde wat by die skool aangebied is, deelgeneem en goud gekry én ek is die wenner van die kompetisie wat drie maande lank was. Ek is gekroon as Starpower se eerste seunswenner en ek is derde geplaas nasionaal vir kontemporêre dans.

MvL: Beoog jy om 'n beroep van dans te maak of is dit vir jou net 'n stokperdjie?

RB: Ek wil graag oorsee gaan om my dans talente daar verder te ontwikkel. Een van my grootste drome is om my eie dans studio oop te maak en om 'n professionele beoordelaar te wees vir die bekende dansprogram optelevisie, "The world of dance". So nee, dans is definitief nie net 'n stokperdjie vir my nie.

MvL: Watter advies sal jy vir beginners gee?

RB: Begin soek vir jou sterkpunt in dans, byvoorbeeld die dansstyl wat vir jou die maklikste is om aan te leer en mee te verbeter. En moet dan net nie moed opgee nie.



SKAAKMAT

Jalene Theron

Dis die jaar 2022, glad nie dieselfde leefwyse as die van die 1800's nie. My lewe het soos dié van 'n koning geword, maar sonder rykdom en vreugde. Oorloë is 'n ding van werklikheid. My lewe is nou soos dié van 'n koning op 'n skaakbord. My geliefdes: die pionne... Wat sou my dryf tot die eënaardige besluit? Kom ek vertel vir jou 'n storie.

Vroeg een oggend het ek die kombuis binnegestap. Alles was stil en rustig. Tot ek by die eiland tot stilstand gekom het. Daar het my ma in 'n plas bloed gelê. Haar oë vir altyd in onmenslike vrees vasgevang. Haar vingers was so koud soos die ryp op 'n vroeë wintersmôre.

Op haar sleutelbeen uitgekerf, was die simbool van 'n koningin, 'n koningin op 'n skaakbord. Ek bel die polisie en snaaks genoeg voel ek niks, geen emosie nie. Die polisie vat hulle tyd, asof 'n moord nie ernstig is nie.

Na die gebeure van die oggend gaan ek terug na my kamer toe. Daar, op my kussing, lê 'n groot bruin koevert met 'n koningin op die voorkant in helderrooi geverf. Is dit 'n boodskap van die moordenaar af? Daar is dan niemand hier nie? Ek ignoreer die koevert en tel my selfoon op, ek moet nog my pa laat weet... Ek skakel die nommer, maar die oproep gaan nie deur nie. Na 'n paar keer se bel en probeer, bekijk ek weer die koevert. Daar moet 'n rede vir my ma se dood wees. Ek skeur hom oop... my hartklop oorverdowend in my ore. In die koevert is 'n brief... en 'n foto... 'n foto van my pa vasgebind en bewusteloos.

Jou eerste skaakstuk is gevat, watter skuif sal jy volgende maak? Die verkeerde skuif kan jou 'n skaakstuk kos. Weier om saam te speel en jy sal in skaakmat wees.

'n Speletjie? Is dit wat hy dink hierdie is? Dis mense se lewens, nie 'n speletjie nie. Van watter skuif praat hy? Watter skuif gaan ek maak? Wat moet ek doen?

'n Paar dae is al verby. Ek dink ek weet wie hy is, ek is net nie seker nie. Ek het nog my 'koningin' oor, soos hy dit noem. Almal wat ek liefhet, is weg, ek het nog net my meisie by my. Ek druk haar styf vas. Sy kyk my na met 'n glans in haar oë. Haar glimlag lyk effens onheilspellend. Kort voor lank verwelkom ek die donker.

My oë is swaar en ek besef ek is vasgebind. Heeltemal hulpeloos. My meisie stap nader en sy kyk my met sadistiese opgewondenheid aan. "Hou jy van my speletjie?", vra sy. "Dit was spesiaal net vir jou, ons kan nou vir altyd saam wees."

En daar besef ek. Ek is in skaakmat.

Drie boodskappe vir Valentynsdag.

Eliska Combrink

"Iné, Valentynsdag is hierdie week, besef jy dit?", vra Juan-Marie terwyl sy op Instagram *scroll* en by my lessenaar sit. "Jandré het my nog nie eers probeer vra om sy Valentyn te wees nie, *like seriously!* Wat is sy..."

BiepBiepBiep

Die blondine hou haar mond toe my foon haar in die rede val. Sy kyk op en ek sien 'n glimmer van nuuskierigheid in haar oë. Sy kom val langs my op die bed neer terwyl ek WhatsApp oopmaak. Die drie boodskappe staan terug na ons. Een van Tristan, die *nerd*. 'n Slimkoppie met bruin hare en blou ogies met 'n *killer smile*. Nommer twee van André, die spiertier van ons skool, blonde hare en 'n lyf wat hy dink gedraai moet word sodat hy by 'n deur kan inloop. Laaste een is van Isaac. Hy kan enige hart steel sodra hy begin sing en met sy groen oë en swart hare gebeur dit sommer maklik. Al drie boodskappe eindig met die: "Sal jy my Valentyn wees?" "Dis bietjie kinderagtig dat hulle oor die foon vra. Of is dit net ek?", vra ek effens teleurgesteld. Sy knik haar kop en kry 'n vet glimlag op haar gesig. Hiér kom moeilikheid.

Tristan hou Saterdagoggend my hand vas. Hy lyk verskriklik senuweeagtig en dinge is bietjie *awkward*. "Wil jy Wimpy toe gaan?", vra hy saggies. Ek gee hom 'n *smile* en sug uit 'n ja. Ons loop in en kry ons sitplekke. Ek kan sien hy probeer, maar hy is net té skaam. Hierdie gaan 'n lang oggend wees.

Ek moes nie verbaas gewees het toe André gevra het om te gaan bergklim die middag nie. Hy sal enige kans gebruik om te oefen. Ons is na die Botaniese tuine toe en is toe op met die berg. Hy is omtrent al bo en ek probeer nog asem skep hier doer onder. "Ag, kom aan, Iné. Ek weet jy is fikser as dit!" Dis waar ek my lelik vererg het! Ek hoop Juan-Marie weet ek gaan haar doodmaak.

Ek is op my laaste date saam met Isaac, ons kyk 'n movie by Silverstar en hiérdie ou probeer my die heelyd soen! "Hoe moet ek fokus op die movie as jy so mooi lyk, Iné?" Ek rol my oë en wens die tyd verby. Juan-Marie sit op die bed en giggel soos 'n bakvissie toe ek haar vertel van die dates. Ek vertel vir haar baie duidelik dat ek haar nooit weer sal toelaat om my in so iets in te praat nie.

Tyd vir terugvoering:

Tristan: 7/10 "Jy is sweet en als, maar probeer jouself wees."

André: 4/10 "Probeer goed doen wat albei van sal hou."

Isaac: 2/10 "Movies is great, maar hou op om jou gesig in ander s'n te druk."

Bittersweet

Ruaan van der Walt

The pain of what she lost was far too great,
The sorrow that had overcome her fate.
For the man she loved was taken away,
By a killer who had no remorse that day.

But soon she found a strange surprise,
As she looked into the killer's eyes.
For in the depths of his dark gaze,
She found her love in a different face.

Though she knew it was a crime,
Her heart could no longer deny.
For her husband's killer had touched her soul,
And kindled a flame that was just so bold.

It felt wrong, yet it felt so right,
Love had taken her in the night.
Though her heart was full of strife,
She had found the love of her life.

Moord nommer 55

Anel de Lange

"Saaknommer 125

Ek open met geskokte oë nog 'n onopgeloste moordsaak, alhoewel die een bietjie anders is... dit is 'n reeksmoordenaarsaak uit die 19-toet uit. Ek het nie eens gedink hulle hou nog sulke ou sake nie.

Lêer 376: Dit is laat in die nag, ek sit nog wakker en blaai deur 'n saak wat my steeds rillings by gee as net ek daaraan dink. 54 meisies vermoor, deur 'n meedoënlose man.

Bladsy 126: My eerste leidraad in die saak (en glo dit of nie), die saak kom met 'n spook, hy help my dit oplos. Hy het blykbaar hieraan gewerk as 'n speurder voor hy oorlede is.

Straatnommer 354: Vind ek uit by die snaakse skaduwee wat altyd om my dwaal, hy praat te veel en doen te min, al is daar net soveel wat 'n spook kan doen

Liefdesbrief 987: Ek kan nie ophou aan jou dink nie, as ek nog gelewe het, was jy een van my eerste slagoffers, jou blou oë en donkerbruin hare is presies waarvan ek hou.

Dag 365: Al 'n jaar besig met die saak en al wat ek weet is dat hy 'n tipe gehad het, al die vrouens was tussen 20 en 25, almal blou oë en donkerbruin hare.

Saaknommer 126: 'n Vreemde man wat homself vermoor het in sy huis. Wat my pla is dat hy 'n dag na die laaste slagoffer oorlede is, alles binne my skree dat ek die adres moet besoek om meer uit te vind, maar die spook lyk asof die maan hom pla.

Straatnommer 354: Die adres waarmee die snaakse skaduwee wat altyd om my dwaal, nie met my saam stem nie. Hy het definitief baie opinies.

Liefdesbrief 988: Sy wil my graf gaan besoek, sy kan nie, SY MAG NIE. Sy gaan uit vind wat ek gedoen het en ons sal dan nooit saam kan wees nie. Ek't haar probeer weg lei, maar sy kom net al hoe nader. As sy uitvind, gaan ek geen ander keuse hê nie...

Lêer 377: Ek vind 'n lêer in 'n geheime opening in die man wat oorlede is se kamer, dis donker hier binne en alles voel kleiner as wat dit is.

Bladsy 127: 'n Bladsy half opgefrommel en met bloed besmeer. Daar staan: As kind het ek dit gehaat om aan die slaap te raak, want ek was so bang vir die dinge wat in my nagmerries sou gebeur, dat ek elke lig in my kamer sou aanskakel, die kombers tot by my ken sou trek en so lank as wat ek kon, baklei teen die demone wat wegkruip onder my ooglede...

Maar nou is ek meer bang vir die wêreld as ek wakker is. Dit is snaaks hoe daardie dinge verander, van geluk vind in die kleur blou en 'n sak goudvissies, tot die verlies van jou belangstelling in dinge wat ek al jare lank liefhet. Ek onthou nie eens wanneer laas ek 'n goeie dag gehad het en dit so gebly het nie. Alles kan presies gaan soos ek dit wou hê, miskien selfs beter, maar op een of ander manier sytel die hartseer altyd in, beplek die goed soos dik swart ink, en ek kan nie meer die woorde lees nie. Die woorde 'asseblief' en 'help' raak net al hoe sagter en netso het 54 meisies al verdwyn. Dan is ek terug in die samelewing en moet met daardie swart ink gedagtes lewe. Glimlag het 'n metode geword om te veel te kompenseer, nie 'n weerspieëling van my gevoelens nie, ek voel verplig, asof dit iets is wat ek moet doen vir die gemak van ander. Nou dat ek toegesmeer is met die ink het ek stadig verdrink.

Terug by realiteit: Daardie handskrif lyk té bekend, die kurwes en lyne pas by 'n prentjie ver weg gestoor in my verlore gedagtes. Dit tref my soos 'n weerligstaal, ek weet wie dit geskryf het... Ek weet wie die moordenaar is.

Moord nommer 55: Ek het haar lief gehad...



KOMPETISIETYD

Vat 'n kans en wen dalk groot! Los die blokkiesraaisel op of pak die fotoraai kompetisie aan. Hier volg die reëls:

- Weners sal aangekondig word na die aangeduide afsnydatum vir inskrywings in elke uitgawe.
- Die sluitingsdatum vir hierdie uitgawe se kompetisies is: 24 MEI 2023 om 14H15.
- SLEGS leerders van Hoërskool Bastion mag deelneem aan die kompetisies – uitsluitend lede van die koerant se redaksie en personeel.
- Inskrywings moet op inskrywingsvorme ingehandig word. Die inskrywingsvorm is beskikbaar by juffrou Santie Bothe-Smith en moet ook weer daar ingehandig word.
- GEEN INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD IN DIE LAASTE PERIODE VAN ELKE DAG NIE.

FOTORAAI

HOE WERK DIT?

Identifiseer die onderwyser aan wie die lessenaar behoort.

PRYSE:






3 x Get out of jail free-cards
EN
3 x GRATIS Biokinetika sessies
by juf Lochner



2 x Get out of jail free-cards
EN
2 x GRATIS Biokinetika sessies
by juf Lochner



1 x Get out of jail free-cards
EN
1 x GRATIS Biokinetika sessies
by juf Lochner




BLOKKIESRAAISEL

HOE WERK DIT?

Voltooi soveel as wat jy kan van die blokkiesraaisel. Elke korrekte antwoord tel 'n punt. Meeste punte wen! Daar sal ook 'n wisseltrofee wees vir die blokkiesraaisel wat elke kwartaal aan die nuwe wenner oorhandig sal word.

PRYSE:


	3 x Get out of jail free-cards EN 2 kaartjies vir DreamBox (Lonehill) EN R150 kontant.		2 x Get out of jail free-cards EN R200 kontant.		1 x Get out of jail free-cards EN R100 kontant.
--	--	---	---	---	---



BLOKKIESRAAISELLEIDRADE

AF

- Die naam van Bastion se Buffel.
- Die hoofmeisie van akademie se kêrel.
- op 'n tyd, lank, lank gelede.
- Daar is net een daarvan.
- Juffrou Biance Fourie se baba is 'n?
- Die van van 'n swanger Afrikaanse juffrou.
- Ons gebruik kilometers, Amerika gebruik ...?
- Jy doen dit met saad sodat dit kan ontkiem.
- Waar twee dele van jou klere aanmekaar gewerk is.
- Sinoniem vir wonde.
- Jy hou daarvan om dit met jou ouers se geld te doen.
- 'n Eerste plek medalje is ...?
- Wanneer jy uiteindelik iets verstaan, het jy 'noomblik.
- Die boek wat jy skryf as jy 'n Honneurs- of Meestersgraad doen.
- Afkorting vir Intellegensie Kwosiënt.
- 2,8, 22, 34 is almal getalle.
- Jy doen dit by 'n rooi lig.
- Die bynaam van die hoofseun van sport.
- Die afkorting van die woord waarvoor die M in JMPD staan.
- As jy nie kom nie, dan jy.
- Afkorting vir Suid-Afrika.
- 'n Dier soos 'n muis, maar groter.
- Daar was onlangs 2 van hierdie groot wilde katte wat in Johannesburg rondgeloop het.
- Hoe jou ouers voel as jy 'n toets druipt.
- As jy nie staan of lê nie, dan jy.
- 'n Groep mense wat saam sing.
- Nie nêrens nie, maar ...
- 1000 milliliter.
- As jy in die reën staan word jy ...?
- Dis nie jy nie, dis ...
- Die vak waarvan almal die minste hou (afkorting)
- Naam van die Egiptiese songod.



BLOKKIESRAAISELLEIDRADE

DWARS

- 'n Winkel vir kruideniersware.
- Die hoofseun van kultuur se naam.
- Sinoniem vir ovipaar.
- As jy nie verloor nie, dan jy?
- Die departementele toetse wat aan die begin van kwartaal 1 geskryf is.
- Jy geniet jouself ... uit.
- Om iemand met minagting te behandel.
- In die storie SpongeBob Squarepants is Patrick 'n see....?
- Nie koek nie, maar?
- Die bynaam van die gr8's van 2023
- Sinoniem vir sensitiewe.
- Die laaste periode op 'n Vrydag voel asof dit vir aanhou.
- Juffrou Lynette Jonker se gunsteling atletiekliedjie.
- Die simbool vir Sodium op die periodieke tabel.
- Aan die einde van 'n formele brief sluit jy so af: Die Jou naam en van.
- Die onderwyser wat meganies aanbied.
- As flora na plante verwys, dan verwys fauna na ...?
- Waar die skool op 'n Maandagoggend bymekaar kom.
- Jou vorige meisie of kêrel.

DWARS

- Jy doen dit as iets snaaks is.
- As juf Lynette Jonker van iets hou, sê sy?
- Die vak wat juf Madrey Smit aanbied.
- Do, re, me, fa,, la, ti, da.
- Julle kry blykbaar altyd veel huiswerk.
- Juf Hanri Lochner is nie net 'n onderwyser nie, maar ook 'n ...?
- Jy het soveel vingers.
- Die wiskundige naam vir 3.14.
- Daar is 'n vlieg in die?
- Die tweeling onderwysers se van.
- As 'n bottel leeg is, dan sê ons dis 'n ... bottel.
- Die van van die kortste gr8 leerder.
- Jou printer het nooit genoeg hiervan as jy iets belangrik moet druk nie.
- Jou tale onderwysers wens almal jy wou meer hiervan doen.
- Jy moet jou huiswerk doen, nie net gedeeltes nie.
- Die drama wat die Gr10s in Afrikaans behandel.
- Mag jy badkamer toe gaan in die laaste periode?
- As jy 'n besluit moet maak, vergelyk jy die voordele en die
- Die muskiet wat heel aand om jou kop vlieg, ... jou.
- Nie 'n lange nie, maar 'n ...?
- Jy gaan gym toe om so te raak.





AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

KAMPUS- OPEDAG IN CENTURION

12 & 13 MEI 2023



Skandeer die
QR-kode vir
meer inligting

www.akademia.ac.za



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderrysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.





Die Buffellewe

